Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 10 | Kaapstad, 20 Junie 1951 | Prys 3d. | Nr. 29

# Ontvlugte Diplomaat Was Uitgesproke Kommunis

**Guy Burgess, een van die twee Britse diplomatieke amptenare wat 'n paar weke gelede vermoedelik na Rusland weggeloop het, was jarelank 'n openlike kommunis en vriend van die kommunistiese verraaier dr. Allan May wat in die tronk sit weens atoomgeheime wat hy aan die Russe verskaf het. 'n Vriend van hom, die digter W. H. Auden, het verlede week gesê dat hy Burgess vir die afgelope twintig jaar al ken en dat hy 'n openlike kommunis was in die jare voor die uitbreek van die oorlog.**

**In New York het hulle mekaar dikwels ontmoet en terwyl hy verbonde was aan die gesantskap in Washington was Burgess nog steeds kommunistiesgesind. Toe Auden hom gevra het of hy dan nooit gekeer is met die oog op sy politieke oortuigings nie, het hy verwys na die vrywaring van diplomate.**

Ondersoek in Londen het aan die lig gebring dat Burgess tydens die oorlog in die departement van buitelandse sake aangestel is en deur die staatsdienskommissie gekeur moes gewees het. **Hy was uitgesproke van geaardheid en het nie 'n flenter omgegee wie hom hoor as hy sy mening uitspreek nie. Dit moes dus bekend gewees het dat hy kommunistiesgesind was, maar dit is ook bekend dat die Britse regering, veral tydens die oorlog, kommunisme as die duidelikste blyke van anti-fascisme en dus as aanbeveling beskou het. Voortvlugtige kommuniste uit Duitsland en Italië soos Klaus Fuchs en Pontecorvo is dan ook sonder aarseling deur die Britse regering in die hoogste posisies van vertroue aangestel.**

Ná die oorlog het die Britse regering ten spyte van herhaalde skokke hierdie beleid nog nie ingrypend verander nie. Inteendeel, twee ministers in die kabinet wat kommunistiese neigings geopenbaar het, word nog steeds gehandhaaf. **Een van hulle, die minister van oorlog, het tien jaar gelede nog lofgeskrifte oor kommunistiese Rusland gepubliseer.**

# ARMES SAL OPDOK DOG NIE L.V.'s

**Die minister van finansies het aangekondig dat die tyd aangebreek het dat die middel- en laer inkomstegroepe meer inkomstebelasting sal moet betaal omdat daar nie meer genoeg geld in die skatkis is nie.**

**In watter inkomste-groep val ministers en parlementslede wat so pas besluit het om hul verhoogde parlementêre inkomste vir veertig en sewentig persent onderskeidelik vry te stel van inkomstebelasting?**

Wat parlementslede betref, hulle sal voortaan geen pennie inkomstebelasting betaal nie, aangesien hul belasbare inkomste uit hul £1,400 salaris slegs £420 is, en getroude persone eers van £480 af belasting begin betaal.

**Terwyl die gewone burger met 'n inkomste van £1,400 byna £80 aan belasting moet betaal en die man van £500 nou gewaarsku word dat hy nog meer sal moet betaal, word 'n parlementslid met £1,400 salaris op gelyke voet gestel met die gesinshoof wie se inkomste so laag is dat hy nie vir belasting in aanmerking kom nie — juis op die tydstip dat die minister van finansies kla dat daar te min geld is.**

## Nkrumah Stel Belang In Betsjoeanaland

**Dr. Kwame Nkrumah, leier van die sterkste party in die Goudkus, het in Londen samesprekings gehad met Seretse Khama van Betsjoeanaland en sal ook nog met Tsjekedi gesels. Hy het sy bereidheid uitgespreek om 'n algemene bevrydingsbeweging dwarsdeur Afrika te ondersteun. Sy party is volgens hom besig om na ander naturellegebiede te versprei. Daar sal stappe gedoen moet word teen dr. Malan se eise, het hy gesê en verwys na die moontlikheid van 'n Wes-Afrikaanse konvensie van alle naturelle in Britse en Franse gebiede.**

## STATEBOND VERHINDER SLUITING VAN ROOI KONSULAAT

**Die eerste minister, dr. D. F. Malan, het die antikommunistiese Aksiekomitee van die Afrikaanse kerke, volgens Dagbreek meegedeel dat die regering die Russiese konsulaat in die Unie nie kan sluit sonder raadpleging met ander statebondslande nie.**

**In 'n brief aan die aksiekomitee het dr. Malan verklaar dat die regering die posisie noukeurig dophou, maar dat die Unie ook verpligtings in hierdie verband teenoor ander statebondslande het wat hy moet nakom. By sodanige optrede in die huidige wêreldomstandighede moet ook rekening gehou word met internasionale gevolge wat dit kan meebring, lui die brief.** **(Lees ook ons hoofartikel op bladsy twee.)**

# MOET BRITSE SENTIMENT S.A. BELEID BEPAAL?

**Twee ministers in dr. Malan se kabinet het verlede week die regering lelik in die verleentheid gebring.**

**Sowel mnr. Ben Schoeman, minister van arbeid, as mnr. S. P. le Roux, minister van landbou, is tans op besoek in die buiteland. Die een reis in Europa en die ander in Australië. Elkeen van hulle het 'n verklaring in die buiteland gedoen — en dit het later geblyk dat elkeen van hulle òf sy mond verbygepraat het òf verkeerd gerapporteer is. Volgens die berigte is dit klaarblyklik dat hulle die taal van gewone nasionaliste gepraat het; en dat hulle glad vergeet het dat hulle nie meer gewone nasionaliste is nie maar Sy Majesteit, die Koning, se Suid-Afrikaanse ministers en dat Suid-Afrika 'n suster-koninkryk in die Britse Statebond is, en hom as sodanig moet gedra.**

Eerste aan die beurt was mnr. Schoeman.

Volgens 'n Sapa-Reuterberig uit Bonn het mnr. Schoeman aan die Wes-Duitse minister van arbeid, Anton Storch, gesê dat Suid-Afrika 25,000 geskoolde Duitse werkers nodig het. Tienduisend van hulle moet onmiddelik na Suid-Afrika gaan terwyl die orige vyftienduisend aanstaande jaar moet kom. Die minister het voorts verduidelik dat die werkers toegelaat sal word om voorlopig die helfte van hul besoldiging na hulle naasbestaandes in Duitsland te stuur. Nadat hulle behoorlik gevestig is in die Unie sal hulle verlof kry om ook hulle gesinne te laat kom.

### GEEN FOUT

**Gewone Nasionaliste in Suid-Afrika sal geen fout vind met mnr. Schoeman se verklaring nie.** Dit is sowel prakties as menslik. Suid-Afrika het geskoolde arbeiders broodnodig: Duitsland beskik oor 'n surplus, want 'n groot aantal van die Duitse fabrieke wat nie plat gebombardeer, of deur die kommuniste kaal gestroop is nie, is deur die Geallieerdes afgetakel. Boonop is Duitse immigrante anders as bv. Joodse inkomelinge, assimileerbaar, trouens, Duitsers was een van die vername samestellende elemente by die wording van die Afrikanervolk.

Skaars egter het die verklaring van mnr. Schoeman in die Suid-Afrikaanse koerante verskyn of die Die Burger, die vernaamste propaganda-blad van die H.N.P., skryf: **„Die storie dat mnr. Ben Schoeman in Duitsland gesê het dat Suid-Afrika 25,000 geskoolde Duitse werkers soek, word in ingeligte kringe in Kaapstad nie geglo nie."** En voorts: „Daar het waarskynlik 'n onnoukeurigheid by die beriggewing ingesluip, want dit was nog nooit die oogmerk om soveel geskoolde manne uit Duitsland alleen te bekom nie. **'n Aansienlike getal geskoolde manne sal uit die buiteland verkry moet word, maar sekerlik nie net Duitsers nie."**

### VERKEERD

In antwoord op navrae het die eerste minister, dr. D. F. Malan, gesê dat hy maar net kan aanneem dat mnr. Schoeman verkeerd gerapporteer is. 25,000 geskoolde werkers is die totaal, uit verskillende lande, wat Suid-Afrika in die eersvolgende paar jaar sal kan opneem.

En toe kondig die Staatsinligtingskantoor aan, kragtens berig van die Suid-Afrikaanse inligtings-attaché in Duitsland, dat mnr. Schoeman beslis ontken dat hy ooit gesê het dat Suid-Afrika 25,000 geskoolde Duitse werkers soek. Hy het, inteendeel, duidelik gesê dat die Unie op die oomblik 10,000 geskoolde werkers nodig het, **by voorkeur uit die stamlande, nl. Brittanje, Frankryk, Nederland, Skandinawië, België en Duitsland.**

En laastens het 'n segsman van die Wes-Duitse departement van arbeid verklaar, dat die berig as sou Suid-Afrika aangebied het om 25,000 geskoolde Duitse werkers te ontvang, onjuis is.

### TWEE FEITE

Dit moet derhalwe as 'n feit aanvaar word: mnr. Schoeman het nie gesê dat Suid-Afrika 25,000 geskoolde Duitse werkers soek nie.

**Maar 'n ander feit is dat dr. T. E. Dönges, minister van binnelandse sake in die volksraad aangekondig het dat die Unie se persentasie immigrante uit Brittanje veel groter is as dié van enige ander Statebondsland. In 1949 was die persentasie vir Kanada 24 persent; vir Australië 35 persent en vir Suid-Afrika 65.3 persent!**

Nog 'n ander feit is dat Australië duisende geskoolde Duitse werkers ingevoer het. Waarom mag Suid-Afrika nie 25,000 geskoolde Duitse werkers invoer nie? **Moet Suid-Afrika dan meer lojaal wees as Australië?"**

### MESSERSCHMITT

Mnr. Schoeman se geval herinner onwillekeurig aan die geval van prof. Willi Messerschmitt, die wêreldberoemde vliegtuigfabrikant. Nadat hy enkele weke in Suid-Afrika was, **het Die Burger geskryf dat as verdere onderhandelinge vlot, die moontlikheid bestaan dat daar êrens op 'n geskikte plek in Suid-Afrika 'n reuse-fabriek opgerig sal word wat o.a. vliegtuie sal vervaardig. Die blad het voorts gemeld dat mnr. Messerschmitt vier dae in Kaapstad deurgebring het en samesprekinge met byna al die lede van die kabinet gehou het en dat hy gesê het dat hy baie goed deur die regering ontvang is.**

Die Engelse pers het begin lawaai maak oor Messerschmitt se besoek — amper asof hulle die stuipe wou kry by die blote gedagte dat die „vyand" van die Britte miskien 'n wapenfabriek in Suid-Afrika kan oprig!

### ONTKENNING

Te midde van die Engelse pers se gissings oor die gesprekke wat Messerschmitt en die Unie se ministers gevoer het, het Die Burger 'n verklaring van mnr. De Waal Meyer, sekretaris van handel en nywerheid, gepubliseer waarin hy gerusstellend verseker dat **„mnr. W. Messerschmitt se besoek aan die minister van handel en nywerheid net 'n hoflikheidsbesoek was en dat die Minister geen beloftes van enige aard gemaak het nie.**

### BRITSE FABRIEK

**En eindelik, 'n paar weke later, het Die Burger berig dat die Unie se hoë kommissaris in Londen, dr. A. L. Geyer, aangekondig het dat onderhandelinge gevoer word tussen die British Small Arms-groep en die Suid-Afrikaanse regering oor die oprigting van 'n Britse wapenfabriek in Port Elizabeth of Johannesburg. Daaroor het niemand lawaai gemaak nie.**

**Moet Suid-Afrika dan maar altyd 'n lojale klein susterkoninkryk in die Britse statebond bly? Klaarblyklik moet Suid-Afrika liewer 'n republiek word — al is dit dan maar net om immigrante in te voer waarvandaan hy wil en om wapenfabrieke te laat oprig deur wie hy wil.**

### MIN. LE ROUX

Volgens persberigte het mnr. S. P. le Roux in Melbourne die volgende verklaring gedoen:

> „Dr. Malan se regering is vasberade om Suid-Afrika uit die Britse Statebond te lei en om 'n heeltemal onafhanklike republiek op die geleë tyd daar te stel."

**In antwoord op navrae het dr. Malan gesê dat hy nie weet of die berig oor min. Le Roux se verklaring juis is nie en dat hy derhalwe geen kommentaar daaroor wil lewer nie.**

**Dr. Malan het egter verduidelik dat die republikeinse beleid wat min. Le Roux, volgens persberigte in Australië aangekondig het, nie die beleid van die**

(Vervolg op bls. 6 kol. 1)

DIE O.B., WOENSDAG, 20 JUNIE 1951

# BRITTANJE BELET ONS

In 'n brief aan die anti-kommunistiese aksiekomitee van die Afrikaanse kerke het die eerste minister, dr. D. F. Malan, sy redes genoem waarom daar nog nie teen die Russiese konsulaat in die Unie opgetree is nie. Allerweë het die volk aangedring op die sluiting van die konsulaat omdat dit 'n bekende feit is dat Moskou sy diplomatieke verteenwoordigers gebruik vir ondermynende bedrywighede. Dit is verder ook bekend dat die handel tussen Suid-Afrika en Rusland so minimaal is dat dit geen Russiese konsulêre personeel van twintig lede regverdig nie. **'n Lid van die kabinet het dan ook in die verlede van die openbare verhoog af kwaai beskuldigings teen die Russiese konsulaat gedoen.** Die volk wou dus weet waarom die regering, wat bestryding van die kommunisme 'n plank in sy verkiesingsprogram gemaak het, nie hierdie voorpos van Josef Stalin verwyder nie.

Nou het dr. Malan die antwoord op hierdie vraag verstrek. Hy noem twee redes. **Die een is dat Suid-Afrika dit nie kan doen sonder „raadpleging" met ander Statebondslande nie,** en die ander is dat daar rekening gehou moet word met internasionale gevolge wat so 'n stap mag hê.

### DAN NIE VRY NIE?

Die eerste deel van die antwoord is baie belangrik. **Ons moes in die jongste tyd dikwels hoor wat 'n groot verandering die Britse Statebond ondergaan het, so groot dat daar vandag geen beperkinge meer op Suid-Afrika se vryheid in enige opsig is nie. Nou moet die volk verneem dat ons regering geen stappe ter beveiliging van sy eie vryheid kan doen sonder „raadpleging" van ander Statebondslande nie.** Ons wil — of liewer moet — aanneem dat dr. Malan die „ander Statebondslande" reeds geraadpleeg het, want hy het drie jaar gelede aan die volk belowe om teen die kommunistiese gevaar op te tree. As hy nog nie hierdie belangrike stap aangevoor het nie, het hy sy mandaat skromelik verwaarloos. **Ons neem dus aan dat dergelike „raadpleging" reeds geskied het en dat dit uitgeloop het op 'n klinkklare „nee."** Ons hoef ook nie wild te raai oor watter Statebondsland Suid-Afrika van hierdie stap weerhou nie. **Ons weet dat Brittanje hom met oordrewe ywer aan die einde van 1949 gehaas het om die kommunistiese bewind van Sjina te erken saam met sy Indiër-„susterstate." Aan watter „raadpleging" Suid-Afrika in dié tyd van Britse kant onderworpe moes gewees het, kan afgelei word van die feit dat ons nasionale en anti-kommunistiese regering 'n halfjaar lank geworstel het met die vraag of hy Sjina se kommuniste moes erken of nie.** Dit was eers ses maande nadat Brittanje sy erkenning verleen het dat die eerste minister eindelik, na herhaalde vrae, aangekondig het dat die regering na oorweging besluit het om die Sjinese kommuniste nie te erken nie. **Ons weet ook dat Brittanje op hierdie gevaarlike tydstip nog steeds by die V.V.O. aandring nie net op die erkenning van Rooi Sjina nie, maar op die uitlewering van die nasionale Sjinese op Formosa aan die rooi bewind. Dit is dus heeltemal te verstaan dat Londen nie sy toestemming sal verleen aan Suid-Afrika om teen Rusland se veldkwartier binne die Unie in die koue oorlog op te tree nie. Hy tree nie eers op teen bekende kommuniste binne sy eie departemente nie, soos die oorloping van twee hoë sleutelamptenare na Moskou drie weke gelede vir die soveelste maal nog weer bewys.**

### SULKE GESELSKAP

**En dit is die geselskap waarin Suid-Afrika verkies om te sit! Dit is die „raad" wat hy aanneem op 'n tydstip wanneer Stalin se vyfdekolonners die een dinamietskoot na die ander in ons brose bevolkingskanse laai!**

**As hierdie statebondsboei aan Suid-Afrika se regterarm nie ons volk se oë oopmaak vir die noodsaaklikheid van ons republikeinse vrywording nie, dan sal ons seker maar moet wag totdat Josef Stalin ons kom „bevry."**

Die storie wat ons ook nie die Russiese konsulaat kan uitsit nie omdat dit dan „gevaarlike" internasionale gevolge kan hê, is pure bog. Ons het al tevore in ons blad aangetoon dat die diplomatieke etiket en prosedure saam met die jongste oorlog verval het. Ons lewe nie meer in die ridderbeskawing van die vorige eeu nie. Saam met die oerwoudpraktyk van oorlogsafsluiting soos ons dit in Neurenberg sien herrys het, het ook die oerwoud-wet van bekruip en bespring sy herverskyning gemaak. Oorlogsverklarings met voorafgaande verbreking van diplomatieke betrekkinge, is nog maar net museumstukke van 'n vervloeë eeu. Die „koue oorlog" sal nie warm word net omdat die een of ander land Russiese instrumente oor die grense sit nie. **As 'n Berlyn of 'n Korea nie die Russe tot oorlog kon beweeg nie, sal die sluiting van 'n konsulaat in Pretoria dit nog veel minder regkry. Rusland sal oorlog maak wanneer dit hom in Europa of Asië pas, nie net om Suid-Afrika te straf vir 'n „ondiplomatieke" gebaar nie.** So 'n gedagte is nie net belaglik nie, dit is dom-verwaand.

Maar as logika 'n woord hier ontsê word, kan voorbeelde darem seker die waarheid van ons stelling bewys. **Brazilië en Chili het in Oktober 1947 die Russiese diplomatieke verteenwoordigers die land uitgesit. Oorlog het nie daarop gevolg nie, maar wel groter rus en vrede binne hul grense. Die**

(Vervolg in volgende kolom.)

(vervolg van vorige kolom)

**volgende jaar in Mei het Columbia hul voorbeeld gevolg en nog het die pilare van die wêreld — en veral van Columbia — stewig bly staan.**

Maar as Suid-Afrika dieselfde sou doen, sal die wêreld in vlamme opgaan!

**Die regering sal aan waardigheid wen as hy liewer nalaat om hierdie ouwyf-stories wat Brittanje hom in die kop prent, nie na te praat nie. Sê dan maar liewer net eerlik dat Brittanje ons belet om te doen wat in ons eie belang is.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Harry Lawrence is Moedswillig*

Mnr. Harry Lawrence, een van die Verenigde Party se leiers, het verlede week in die volksraad verwys na 'n verklaring van mnr. J. A. Smith, die onderleier van die O.B., en aan die eerste minister gevra of hy sal toesien dat 'n bepaling in die wet op die onderdrukking van kommunisme gevoeg word wat sodanige verklarings sal teë gaan.

Die verklaring van mnr. Smith kan hoegenaamd nie met die kommunisme in verband gebring word nie en 'n mens kry die indruk dat mnr. Lawrence sommer moedswillig was toe hy daarna gewys het. Blykbaar het hy 'n lomp poging aangewend om die regeringsparty in 'n nuwe stryd met die Ossewabrandwag te wikkel na aanleiding van daardie party se pogings om die Verenigde Party teen die War Veterans in die harnas te jaag.

Die voor die hand liggende en afdoende antwoord aan mnr. Lawrence sou gewees het dat die Ossewabrandwag se strewe so lynreg in botsing met die doelstellings van die kommunisme is dat dit klaarblyklik onmoontlik is om O.B.-leiers se monde te snoer onder voorwendsel dat daar teen die kommunisme opgetree word.

Dr. Malan het egter verkies om liewer 'n stukkie verdagmakery teen die O.B. kwyt te raak. Hy het naamlik na mnr. Lawrence se sogenaamde „betrekkinge teenoor die O.B." verwys.

### *Vra Verbod op O.B.-verklarings oor Republiek*

Ek haal die volgende woordewisselinkie oor die saak, wat in die volksraad plaasgevind het, uit Die Burger aan:

Mnr. Lawrence: Die Eerste Minister het hom nou die dag uitgelaat oor mense wat na geweldpleging verwys. Sekere vooraanstaande Nasionaliste het in die verlede verwys na die moontlike gebruik van geweld om 'n republiek te verkry.

Dr. Malan: Vra wat die party gesê het.

Adv. Lawrence het gesê dat onlangs in Die O.B., orgaan van die Ossewabrandwag, 'n artikel verskyn het onder die opskrif: „Nou tyd vir praktiese republikeinse optrede." Dit is geskryf deur die onderleier van die O.B., mnr. J. A. Smith. Daar staan: „Het ons dit nie so baie in die openbaar namens ons beweging gesê dat as ons 'n republiek langs die weg van die kruisie (stembus) kan bereik, ons van Kaapstad tot Pretoria kruisies sou trek, of as dit geweld vereis, ons daarvoor ook geensins sal terugdeins nie."

Mnr. N. C. Havenga (Minister van Finansies): Wat is die doel van u argument?

Dr. Malan: Moenie dat ek die Raad vertel van u betrekkinge teenoor die O.B. nie.

Adv. Lawrence: Ek was dan onder die indruk dat ek by die ander kant is in die moeilikheid is oor stappe wat ek teen die O.B. moes doen.

Dr. Malan: Vertel die storie oor wat daarna gebeur het. U moet daardie onderwerp liewer los.

Adv. Lawrence het gevra of dr. Malan sal opstaan en sê dat hy iets in die wet sal invoeg om uitlatinge soos hierdie te bestry.

### *Die Nuwe Betrekkinge-storie*

Sedert die onsmaaklike dae van wyle veldm. Smuts se oorlogsbewind is mnr. Lawrence die vervolger en die vyand van die Ossewabrandwag. Daar bestaan hoegenaamd geen „betrekkinge" tussen mnr. Lawrence en die O.B. nie — en daar het ook nooit in die verlede enige „betrekkinge" bestaan nie. Waar dr. Malan aan sy „betrekkinge"-storie kom weet ek nie. En waarom dr. Malan nou praat van „betrekkinge" tussen mnr. Lawrence en die O.B. gaan my verstand te bowe. Miskien wil die eerste minister maar net kwaadwillig wees teenoor die Ossewabrandwag.

Maar ek wil dr. Malan tog vra om versigtig te wees. Dit kan dalk met sy nuwe betrekkinge-storie gaan net soos met sy ou skakel-storie. In die slegte ou dae, voordat Die Burger nog verduidelik het waarom die H.N.P. die stryd teen die O.B. aangeknoop het, het dr. Malan vertel dat dr. Van Rensburg „met Smuts skakel" en hy het hierdie sogenaamde skakeling-met-Smuts voorgehou as regverdiging vir sy party se stryd teen die O.B. Dr. Malan het woordeliks verklaar dat dr. Van Rensburg met mnr. Havenga en die Afrikanerparty skakel en dat die Afrikanerparty weer met genl. Smuts skakel; en dat dr. Van Rensburg op die wyse met genl. Smuts skakel.

Toe dit in 1947 en 1948 in die praktyk bewys word dat mnr. Havenga en die Afrikanerparty nie met genl. Smuts nie, maar met dr. Malan self skakel, het dr. Malan lelik op sy neus gekyk. Sy skakel-stories teen die Ossewabrandwag het soos 'n kaartehuis in duie gestort.

Het dr. Malan dan nog nie sy les geleer nie? Hy dis gedoriewaar alweer 'n nuwe betrekkinge-storie op!

### *Minister Le Roux gaan Voor Stok Gekry Word*

Ek voorspel dat mnr. S. P. le Roux, minister van landbou en voorsitter van die H.N.P. in Kaapland, voor stok gekry gaan word oor die verklaring wat hy in Australië gedoen het — nieteenstaande die feit dat hy die koerantberigte oor sy verklaring reeds ontken het nie.

Ek bedoel glad nie dat die eerste minister hom voor stok sal kry nie omdat hy vir die Australiërs gaan wysmaak het dat dr. Malan „vasberade" is om Suid-Afrika uit die Britse statebond te lei, terwyl die waarheid is dat dr. Malan as beleid neergelê het dat Suid-Afrika „onder enige omstandigheid" in die Britse statebond wil bly. Hy het immers reeds ontken dat hy dit gesê het.

Maar ek is oortuig daarvan dat Die Burger ongetwyfeld 'n appeltjie met mnr. Le Roux gaan skil. En ek wil geredelik toegee dat Die Burger rede het om te kla. Mnr. Le Roux het beslis die blad in die steek gelaat.

Sedert dr. Malan in 1949 uit Londen teruggekeer het, en as beleid neergelê het dat, as Suid-Afrika eendag 'n republiek wil word, hy dan 'n republiek binnekant die Britse statebond moet word, het Die Burger baie moeite gedoen om aan sy lesers te verduidelik dat daar hoegenaamd nie so 'n ding soos die „Britse Statebond" bestaan nie. Die ding wat bestaan, het Die Burger omslagtig verduidelik, se naam is net „Statebond." Die Burger het dit goedgevind om nie te verduidelik hoe dit dan moontlik is dat daar in die Britse kabinet 'n minister van statebondsbetrekkinge sit, wat belas is met die versorging van die goeie verhoudings tussen lande van 'n statebond wat glad nie 'n Britse statebond is nie.

Dit is geen geheim dat Die Burger maar bitter swaar kry om die Afrikaners te laat glo dat die statebond, waarvan dr. Malan Suid-Afrika 'n lid wil hou as hy miskien eendag 'n republiek word, nie 'n Britse Statebond is nie.

En instede dat die voorsitter van die H.N.P. in Kaapland Die Burger help in sy opdraande stryd doen hy die teenoorgestelde. Hy gaan gedoriewaar na Australië en vertel daar vir die liewe mense dat dr. Malan se regering vasberade is om Suid-Afrika uit die BRITSE Statebond te lei! En toe ontken hy weer dat hy gesê het dat dr. Malan se regering vasberade is om Suid-Afrika uit die BRITSE Statebond te lei. In ieder geval hou hy aan met praat van die BRITSE Statebond! As die groen hout nou so praat watter hoop is daar dan vir die droë hout? Hoe sal Die Burger dit tog regkry om gewone nasionaliste te laat glo dat die ding se naam net „statebond" is, as nie alleen hulle gesonde verstand nie, maar boonop nog die voorsitter van hulle party in Kaapland sê dat die ding se naam BRITSE Statebond is?

Dis daarom dat ek sê Die Burger gaan met mnr. Le Roux 'n appeltjie skil as hy terugkom — mits hy nie in 'n tweede ontkenning gaan pleit dat hy nooit die gewraakte woorde gebruik het nie!

### *Republikeinse Ideaal is nie Verkwanselbaar nie*

Dr. Malan het die Afrikanervolk se republikeinse strewe, in ons vaderland sowel as in die buiteland, 'n ondiens bewys met die ongelukkige verklaring wat hy onlangs gedoen het. Hy het naamlik voor die Kaaplandse kongres van sy party se jeugvereniging gesê dat as Brittanje voortgaan om die Unie se binnelandse beleid aan te val en hom van onderdrukking te beskuldig, dan sal dit te danke wees aan die Britse beleid as 'n republiek in Suid-Afrika gestig word.

Ek sê dat dit 'n ongelukkige verklaring is want dit skep die indruk asof die Afrikanervolk se republikeinse strewe 'n negatiewe en opportunistiese strewe is wat opvlam en doodgaan ooreenkomstig Britse vriendelikheid of onvriendelikheid teenoor Suid-Afrika. Ek weet nie of hierdie opvatting ten grondslag lê van dr. Malan se bontspringery oor die republiek nie. Dit lyk so. Want toe dr. Malan in Londen was en die Britse koerante 'n ophef van hom gemaak het en al sy verklarings gepubliseer het, wou hy Suid-Afrika met alle geweld in die Britse statebond hou — selfs as hy 'n republiek word. Noudat die Britse koerante nie sy besoekende ministers se verklarings publiseer nie en sy regeringsbeleid kritiseer dreig hy weer die Britte met republiekwording.

(Vervolg op bls. 3 kol. 1)

# GEHEIME INVLOED AGTER AMERIKAANSE BELEID

**Pres. Roosevelt het 'n politieke testament nagelaat wat hy omskryf het as 'n „Nuwe Sedelike Orde."**

**Om hierdie „Nuwe Sedelike Orde" uit te voer, is in Amerika 'n organisasie gevorm onder die leiding van 'n sekere Maurice Gomberg, met die hoofkwartier in Philadelphia.**

**Hierdie groep wat reeds jarelank met sy ongewenste bedrywighede besig is, beroep hom by elke geleentheid op wyle pres. Roosevelt, en in Amerika word algemeen aangeneem dat die lede van die gesin Roosevelt die ywerigste lede van hierdie organisasie is.**

**Die doelstellings van die „Nuwe Sedelike Orde" klink miskien fantasties, maar nie so fantasties as onthou word dat Roosevelt se vriend, „Die Man van Jalta," Algar Hiss, in 'n sensasionele hofsaak weens meineed in verband met verraad aan Rusland tot vyf jaar harde-arbeid veroordeel is nie.**

Dit gebeur in 'n tyd wanneer Amerikaanse hoof-verraaiers vriende van ministers is en wanneer in die Amerikaanse senaat Republikeinse senatore alles in hul vermoë doen om die departement van buitelandse sake van kommuniste te reinig.

Daar moet ook onthou word dat die Amerikaanse senator Styles Bridges 'n amptelike vraag in die senaat gestel het, of dit waar is dat daar geheime onderhandelinge tussen Washington en Moskou gevoer word met die doel om Duitsland aan Rusland uit te lewer. Dit is ook in 'n tyd wat dit algemeen bekend is dat hierdie kommunisties-gesinde kringe binne die regerings in Washington en Londen dit onmoontlik maak vir die nasionale leier van Duitsland, dr. Otto Strasser, om na Duitsland terug te keer.

## Die Buiteland In Oënskou Deur „Ski"

In so 'n tyd is dit onmoontlik dat daar mense in die departement van buitelandse sake in Washington is wat gewillig is om die „Nuwe Sedelike Orde" van Roosevelt in te voer. Om hierdie rede voel ons dat dit nodig is om die aandag te vestig op die bedrywighede van die kringe om die Roosevelt-familie, te meer omdat hierdie Gomberg-organisasie vandag heeltemal openlik erken dat die Amerikaanse politiek vandag dieselfde doelstelling het as die „Nuwe Sedelike Orde."

### DOELSTELLINGS

Hierdie „Nuwe Sedelike Orde" het die volgende doelstellings:

1. Heel Duitsland en Oostenryk sal onder Rusland val.
2. Heel Kanada sal in die V.S.A. opgeneem word.
3. Heel Persië sal as Sowjetstaat by Moskou aansluit.
4. Korea, Indo-Sjina, Siam en Malakka sal aan die kommunistiese Sjina gegee word.
5. Groenland, Ysland, die Azore, Madeira en die Kaap Verdiese eilande sal Amerika kry.
6. Madagaskar en die hele voormalige Nederlands-Indië, die huidige Indonesië, sal onder die Britse Statebond val as vergoeding vir Kanada.
7. Israel sal deur die inlywing van Transjordanië en die aangrensende gebiede 'n groot staat Israel word.

Met punt 7 het die Roosevelt-Gomberg-kombinasie die kat uit die sak gelaat. Aan Israel word die vrye hand gegee deur die toevoeging van die woorde **„en die aangrensende gebiede."** Die aangrensende gebiede is Sirië, Iran, Saudi-Arabië en Egipte. Sou hierdie gebiede altemit saam die grotere Israel moet vorm?

(Vervolg in volg. kolom)

**Meegaande artikel deur ons buitelandse medewerker is die tweede van 'n reeks waarin hy sekere onderstrominge behandel wat volgens sy mening invloed uitoefen op hedendaagse politieke beleid in Amerika en Engeland.**

(Vervolg van vorige kol.)

### VERWANT AAN MORGENTHAU-PLAN

Ons besef dat daar mense is wat sulke planne eenvoudig as fantastiese verbeelding sal beskou. Maar het ons nie jare lank 'n bloedige oorlog weens fantastiese idees gevoer nie? En heers daar op die oomblik nie 'n bloedige oorlog in Korea nie? **Juis weens hierdie fantastiese idee van Roosevelt toon ook die bekende Morgenthau-plan nie dieselfde fantastiese vernietigingsplanne nie? Die doel daarvan was om die Duitse bevolking uit te roei en die fabrieke en stede van Duitsland met die aarde gelyk te maak. Hierdie plan van die Jood Morgenthau het reeds die goedkeuring van Roosevelt en Churchill ontvang.**

Met die oog op die genoemde voorvalle in Washington en wat bekend geword het oor Teheran, Jalta en Potsdam, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat dit alles niks met fantasie te doen het nie, maar ernstige feite is. Om hierdie waarskuwing nog te onderstreep wil ek verwys na die Scandret-onthullings deur die predikant Reichenberger, maar veral na die geheime konferensie tussen Baruch en Stalin.

Al hierdie besonderhede oortuig ons dat die Roosevelt-Gomberg-organisasie nie 'n groepie betekenislose politieke dilletante is nie, maar 'n invloedryke kommunistiese organisasie wat daarop uit is om die ou kultuur van die Weste aan die Asiate, d.w.s. aan die vernietiging oor te gee.

(Vervolg van bls. 2 kol. 5)

Sodanige optrede is noodlottig. Dit maak die Afrikaner se republikeinse ideaal goedkoop—veral in die buiteland. Want dit skep die indruk dat die republikeinse ideaal 'n handelsartikel is wat verkwansel kan word vir 'n Britse onderneming om nie die Malan-regering te kritiseer nie.

Die republikeinse ideaal van die Afrikanervolk is 'n positiewe vryheidstrewe na nasionale selfstandigheid. Dit is nie 'n negatiewe anti-Britse strewe nie.

Die republikeinse ideaal bepaal die koers van die Afrikanervolk waarvan geen geslag mag afwyk nie. Dit is hoegenaamd nie 'n opportunistiese of verkwanselbare koers nie.

Dr. Malan se ongelukkige verklaring, wat die republikeinse ideaal reduseer tot 'n blote reaksie op Britse kritiek, het vir my opnuut die noodsaaklikheid van 'n republikeinse volksbeweging beklemtoon wat die historiese kontinuïteit van die republikeinse stryd kan waarborg.

# NUWE ATOOMBOMME GETOETS

**Die jongste proefnemings met atoombomme by die Eniwetok-atol, in die Stille Oseaan, dui daarop dat 'n soort waterstofbom gebruik kon gewees het in die reeks ontploffings. Daar is amptelik verklaar dat die proefnemings die Verenigde State nuwe gegewens verskaf het in verband met die ontwikkeling van die watertofbom.**

Die bomme was etlike male kragtiger as dié wat teen die einde van die oorlog oor Japan neergegooi is. 'n Ooggetuie het verklaar dat hulle die ontploffings oor 'n groot afstand dopgehou het deur swart-gekleurde brille wat so donker was dat die son maar soos 'n klein wit spikkeltjie gelyk het. Ten spyte daarvan het die ontploffing so 'n helder flits veroorsaak dat hulle vir 'n paar oomblikke verblind was. Alles op die eiland was vernietig en net 'n paar kaal boomstamme het oorgebly.

'n Belangrike ontdekking was dat die radio-aktiwiteite so beperk is — anders as wat aanvanklik gemeen was — dat reddingsgroepe byna onmiddellik na 'n ontploffing sal kan begin optree.

## Nege Al Dood In Korea

Met die dood van tweede lt. Tertius Liebenberg op 9 Junie in Korea het die Suid-Afrikaanse Lugmag sy negende lewensverlies in die Verre Ooste gely. Lt. Liebenberg het verongeluk toe sy vliegtuig neergestort het terwyl hy besig was om van die vliegveld af op te styg. **Meeste van die ander Suid-Afrikaanse slagoffers het ook hulle lewens verloor as gevolg van vliegongelukke en nie weens regstreekse vyandelike optrede nie.**

# RHODESIË BETAAL NET WANNEER NODIG

**Die toekenning van pensioene aan ministers en parlementslede is so pas ook in Suid-Rhodesië te berde gebring waar die parlement besluit het om nie voor die voet pensioene uit te betaal nie, maar alleen in gevalle waar dit nodig is.**

Mnr. J. L. Smit het voorgestel dat die wet so gewysig word dat die name van oud-ministers of hul weduwees en van oud-parlementslede outomaties verwys moet word na die gekose komitee vir pensioene vir die toestaan of weiering van 'n pensioen nadat so 'n lid minstens nege jaar diens gedoen het. **Die toekenning of weiering moet verder voortdurend in heroorweging geneem word na gelang van die omstandighede van die betrokke persoon verander.**

Mnr. Smit het onder meer gesê dat soos die wet tans staan dit 'n eerste minister in 'n moeilike posisie plaas. Hy sal by die samestelling van 'n nuwe kabinet na 'n verkiesing geneig wees om weer dieselfde persone in die kabinet op te neem met die oog op hul pensioenregte, terwyl daar ander meer bekwame mense in die parlement mag wees.

Die ou wet (van 1948) kan ook die indruk laat ontstaan dat parlementslede net terwille van hul sakke na die parlement wil gaan, en sal beroepspolitici aanmoedig.

**'n Ander lid het gesê dat hy nog altyd van mening was dat om 'n pensioen aan 'n minister toe te ken sonder 'n middeletoets geheel en al verkeerd is terwyl 'n middeletoets toegepas word met betrekking tot ouderdomspensioen wat maar £180 per jaar beloop. Aan 'n persoon wat nege jaar minister was word 'n pensioen van £1,200 betaal sonder meer, terwyl 'n bejaarde persoon van 65 jaar vorms moet invul, die inkomste van sy kinders moet verstrek, rekenskap moet gee van elke pennie wat hy besit en onder kruisverhoor geneem word voordat hy die £180 kan kry.**

# WAT DIE VOLK DINK OOR HOËR SALARISSE VAN L.V.'s

**'n Groot aantal briewe van protes teen die verhoogde salarisse van parlementariërs het in die pers verskyn sedert die aankondiging dat die partye in die parlement met mekaar ooreengekom het om so 'n maatreël aan te neem.**

**Besware wat gemaak word, is:**

Hoër salarisse sal nie beter mense na die parlement trek nie, soos beweer word, maar lei juis tot die skepping van beroepspolitici „wat die openbare lewe verlaag tot die peil van 'n swaardvegtersvertoning."

**Parlementslede verloor alle belangstelling in die bestryding van lewenskoste wanneer hulle hulself so maklik bo die gevolge daarvan kan uitlig.**

Die bewering dat parlementslede soveel as £1,000 moet spandeer aan verkiesingskoste, en daarom 'n hoër salaris moet kry, beteken dat die verkiesingskoste van 'n lid eenvoudig op die publiek afgeskuif word. **Dieselfde geld vir die verskoning dat parlementslede so baie geld moet bydra tot hul partyfonds. „Ek kan nie sien waarom die belastingbetaler aangeskryf moet word om vir 'n parlementslid se partyverpligtings in te staan nie," aldus 'n briefskrywer.**

Die verskoning dat parlementslede so baie moet bydra vir liefdadigheid word deur dieselfde skrywer afgevee met die argument dat 'n parlementslid karaktervas genoeg behoort te wees om op dieselfde grondslag by te dra as private lede van die publiek. „Dit is belaglik dat die belastingbetaler sy liefdadigheidsbydrae moet subsidieer."

'n Ander korrespondent skryf dat hierdie bevoorregting van parlementariërs deur hulself by wyse van 'n ooreengekome maatreël, die hoogste voorbeeld van politieke sinisme en veronagsaming van die volk se belange is — die volk wat hulle veronderstel is te verteenwoordig. „Deur hierdie stap het hulle die belangrikste dryfveer om te werk vir die vermindering van lewenskoste verwyder. Laat ons ons senatore en parlementslede meedeel dat hulle gefaal het in hul plig en nie geregtig is op hoër salarisse nie en dat hulle hulself meer met die volk moet vereenselwig wat hulle verteenwoordig."




Waar u ook mag wees
Kommando
—die gewildste
Suid-Afrikaanse sigaret
GI-3060 AH

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

**RETIEF:** Ons Johannes en Aletta het op 8 Junie 'n frisse en welgeskape dogter ryker geword. Dank aan die Here, dokter en suster. Morceaux, Ceres. 20/6/1B

### FLUKSE BOER NODIG

**Bewerkte plaas,** 20 morge onder vaste water; koejawel- en pruimboord kom vanjaar in volle drag; naby inmaak-fabriek, dorp en spoorweg, met goeie woonhuis, bied groot moontlikhede vir iemand wat dit om die helfte wil aanneem en boerdery uitbrei. Doen aansoek by: ADVERTEERDER, Posbus 1411, Kaapstad. 30/5/TK

### TE KOOP GEVRA

**Twee swaar trekperde.** Percheron of Clydesdale. Skryf aan: Adverteerder, Posbus 1411, Kaapstad.

'n Uitrusting

Om Mee

Te Spog

VAN

Steyns

Parow

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Antigrys herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

# Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**

**DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

**DIE O.B.**

- **Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.**
- **Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- **Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volksekonomie.**
- **Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.**

**DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.**

**DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.**

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van..........................*

*.......................vir die eerste.......................maande.*

*NAAM*.......................................................

(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*...................................................

.............................................................

.............................................................

.............................................................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# PLAASLIKE SELFBESTUUR AAN NATURELLE

**Onderstaande uiteensetting van die jongste maatreël van min. Verwoerd in verband met naturellebeleid—wat groter selfbestuur aan die naturellegebiede gee as plaasvervanging van die ou adviserende naturelleraad wat 'n mislukking geblyk het — gee 'n duidelike beeld van wat beoog word. Die skrywer van die artikel in Dagbreek is dr. F. J. Language, een van die leiers van die S.A. Buro vir Rassestudie.**

DIE WETSONTWERP op Bantoe-owerhede is een van die vernaamste maatreëls van die regering om uitvoering te gee aan die grondbeginsels van apartheid sover dit selfbestuur vir naturelle in hul eie gebiede aangaan.

Die beginsel van die wetgewing berus op die praktiese werklikheid en noodsaaklikhede van ontwikkeling. Dit stel die grondslag daar vir die natuurlike ewolusie van ons naturellegemeenskappe en vir die verhouding tussen hulle en die blankes.

Die wetgewing wil in die eerste instansie die verteenwoordigende naturelleraad afskaf, en in die plek daarvan stel 'n drieledige stelsel van stambestuur deur die naturelle self.

### DIE AGTERGROND

Die verteenwoordigende naturelleraad is in die lewe geroep deur die wetgewing van 1936, toe naturellekiesers van Kaapland op 'n afsonderlike rol geplaas is en die reg gekry het om drie blanke verteenwoordigers in die volksraad en twee in die Kaapse provinsiale raad te kies. Daarnaas het die naturelle van die Unie destyds, afgesien daarvan of hulle kiesers is of nie, ook die reg gekry om deur middel van hul kapteins, plaaslike rade, adviserende komitees in stedelike gebiede en bestuursrade in die naturellegebiede vier blanke senators te kies om hulle te verteenwoordig.

Geeneen van hierdie regte word aangeraak in minister Verwoerd se nuwe wetgewing nie — behalwe die V.N.R. wat hy voorstel om af te skaf.

Hierdie liggaam het sover bestaan uit 7 amptelike lede, dit wil sê die sekretaris van naturellesake as voorsitter en die 6 hoof-naturellekommissarisse, en verder uit 4 naturellelede wat deur die goewerneur-generaal benoem en 12 naturellelede wat deur die naturellebevolking op 'n groepbasis verkies word.

### SELF OPGEHOU

Die funksie van die raad word deur die wet voorgeskryf as uitsluitend adviserend. Hulle moet advies gee oor alle wetgewing en oor finansiële en ander aangeleenthede wat die belange van die naturelle bevolking raak.

In 1946 het die naturellelede van die raad die destydse regering meegedeel dat hulle gaan staak tot tyd en wyl wetgewing wat sogenaamd „teen naturelle diskrimineer," herroep word.

Sedertdien kon hulle nie beweeg word om weer in funksie te tree nie, hoewel lede nog altyd hulle toelaes van £10 per maand getrek het.

Dit is dus eintlik 'n liggaam wat self opgehou het om te fungeer, wat die minister nou wil afskaf. Tot regverdiging vir die stap kan aangevoer word dat die raad nie verteenwoordigend is van die naturellebevolking in die eintlike sin nie, en bewys gelewer het dat hy nòg met die Verenigde Party- nòg met 'n Nasionale Party-regering wil saamwerk om die belange te dien van diegene wat hy veronderstel is om te verteenwoordig.

### SELFBESTUUR

In die plek van hierdie, bloot raadgewende, liggaam stel die minister nou voor 'n drievoudige stelsel van plaaslike selfbestuur. Dit is voorlopig net van toepassing op die reserwes en die platteland. Vir die stedelike gebiede stel die minister verdere wetgewing aanstaande jaar in die vooruitsig.

Die drie vorms van bestuur sal bestaan uit stam-owerhede, streek-owerhede en gebieds-owerhede.

'n Stam-owerheid sal bestaan uit 'n kaptein en raadslede van 'n stam, en hulle sal met administratiewe sowel as regsplegende magte ten opsigte van die stam beklee word. 'n Streek-owerheid bestaan uit 'n voorsitter en 'n aantal lede deur die naturelle gekies uit die kapteins, hoofmanne en raadslede van twee of meer stamowerhede. So 'n streek-owerheid kry mag om verordeninge vir beheer van die streek op te stel, en om belasting ten bedrae van hoogstens £1 per manlike persoon in die streek op te lê. En 'n gebiedsowerheid sal bestaan uit 'n voorsitter en gekose verteenwoordigers van twee of meer streke wat saam 'n gebied sal uitmaak.

Elke stam, streek en gebied kry ingevolge die wetgewing sy eie tesourie. Dit staan in die eerste instansie onder beheer van die minister, maar beheer kan oorgemaak word aan die betrokke owerheid.

**Die wetsontwerp beoog dus Bantoe-administrasie op grondslag van kleiner eenhede, beginnende by die stam, na groter eenhede, en die onderliggende beginsel is om die naturellebevolking geleentheid te gee vir selfbestuur op grondslag van hulle eie instellings, tradisie en gebruike.**

### NUWE BEGINSEL

In hierdie opsig verskil die beoogde stelsel heeltemal van dié wat in die lewe geroep is deur die Glen Grey-wet van 1894 en die Naturellesake-wet van 1920. Die Bunga-stelsel het in die loop van 55 jaar ontwikkel tot 'n bevredigende vorm van plaaslike selfbestuur, maar dit was nog altyd onderhewig aan regstreekse leiding van blanke kommissarisse.

Hierdie amptenare was die naturel steeds baie simpatiek gesind, en die sukses van die Bunga-stelsel moet waarskynlik in 'n groot mate aan hulle toegeskryf word.

**Die vraag is egter of die Transkei en ander gebiede nie reeds 'n hoër peil van administratiewe ontwikkeling sou bereik het as hulle bestuur, onder toesig van die departement, gebaseer was op Bantoe-instellinge nie.**

### VERMY SWAKHEDE

Die ervaring elders in Afrika het geleer dat ontwikkeling van die tradisionele bestuursvorme van die Bantoe sonder toesig van die blanke dikwels traag was en in gevalle selfs tot korrupsie gelei het. Dit wil my voorkom asof minister Verwoerd se skema deeglik rekening hou met sowel die leemtes van die Transkei se stelsel as dié van indirekte bestuur soos dit in die Britse kolonies in Afrika toegepas word.

As hierdie stelsel van Bantoe-owerhede nou gepaar gaan word met voortdurende opleiding van stamhoofde en raadsmanne in die beginsels van verantwoordelike bestuur, en mits die stelsel goed aangevoor en aanvanklik goed beheer word, moet dit myns insiens slaag.

### VOLGENDE STAP

Die volgende stap sal moet wees iets soortgelyks vir die stedelike gebiede. Die adviserende naturelle-komitees wat in 1923 vir elke stedelike naturelledorp of lokasie ingevoer is, fungeer nie bevredigend nie. In die eerste instansie is hierdie komitees nie verteenwoordigend genoeg nie. In die tweede plek besit hulle geen administratiewe funksie hoegenaamd nie, en dit laat hulle dikwels gefrustreerd voel.

Die stedelike gebiede sal egter 'n heel spesiale probleem oplewer omdat die inwoners meestal nie homogeen is soos op die platteland nie, en omdat dit nodig sal wees om die stelsel in die stede enigsins te koördineer en te laat aanpas by dié van die reserwes. Dit is waarskynlik omrede van die spesiale studie en ondersoek wat dit vereis, dat die minister hierdie gedeelte uitgestel het vir aanstaande jaar.

# RUSSE BESKIK OOR AL DIE GEHEIME

**Hardnekkige bedrywighede van Sowjet-spioene het Amerika van feitlik al sy geheime formuliere beroof, verklaar die tydskrif „Look." Die teoretiese grondslag van die waterstofbom, die grondslag en planne van die atoombom, besonderhede van die verdedigingsmaatreëls van die Panamakanaal en geheime rig-instrumente vir projektiele, is maar enkele van die geheime wat die Russe deur sy spioene uitgevind het, na die blad beweer.**

Die Russe weet wie Amerika se atoom-wetenskaplikes is en die wiskunde van atoomvliegtuie is reeds aan hulle bekend.

En om die kroon te span, verklaar die tydskrif dat slegs 'n klein getal Russe nodig was om Amerikaanse burgers te oorreed om die nodige inligting aan hulle te verskaf.

Veertien manne van die NKVD (geheime polisie van die sowjet) het die meeste werk gedoen. **Die meeste van die Amerikaanse verraaiers het vir Rusland gewerk vir karige of selfs geen vergoeding. Sommige het vergoeding geweier.**

Uiters streng maatreëls word tans getref deur 'n wakkere federale speurdiens, maar Amerikaanse verraaiers se sukses het reeds hulle Sowjet-leiers se stoutste verwagtings oortref, verklaar die blad.

# 'Juweeltjies' uit Hansard: Opwinding oor Vaaljapie

**'n Groot deel van die tyd — waarskynlik die oorgrote deel van die tyd in die parlement word nie vir die bevordering van landsbelange gebruik nie, maar deur „Sy Majesteit se Opposisie" en „Sy Majesteit se Regering" verknaag in hul „spel" teen mekaar om besit van die regeringskussings. Hieronder volg nog 'n voorbeeld uit Hansard van die partygeskarrel — iets wat nooit in die ou Boererepublieke voorgekom het nie omdat daar geen Britse partystelsel in swang was nie:**

SIR DE VILLIERS GRAAFF: Mnr. die Voorsitter . . .

AGB. LEDE: Vaal Japie, Vaal Japie, Vaal Japie.

SIR DE VILLIERS GRAAFF: Daar is klaarblyklik 'n alkoholiese atmosfeer in 'n sekere deel van die Raad.

DIE MINISTER VAN VERVOER: Ek maak beswaar daarteen.

MNR. LAWRENCE: Teen wat?

DIE MINISTER VAN VERVOER: Die agb. lid het gesê dat daar 'n alkoholiese atmosfeer in 'n sekere deel van die Raad is. Ek maak ten sterkste daarteen beswaar. Dit is 'n refleksie op lede van hierdie Huis.

MNR. LAWRENCE: Voordat u u reëling gee, meneer, mag ek toegelaat word om u aan te spreek oor die punt van orde wat deur die agb. Minister van Vervoer en oënskynlik die Adjunk-Voorsitter geopper is. Die agb. Minister neem eksepsie teen die feit dat die agb. lid vir Hottentots-Holland (sir De Villiers Graaff) oënskynlik gesê het dat daar 'n alkoholiese atmosfeer in 'n sekere deel van die Raad skyn te wees. Hy het dit in 'n aantal opmerkings wat van daardie hoek af gekom het, gesê. Toe hy in hierdie Raad opgestaan het, is hy begroet met die onwelvoeglike opmerking „Vaaljapie." Ek het aan die Voorsitter van die Gekose Komitee op die Drankwetsontwerp gevra of vaaljapie 'n alkoholiese drank is, en dit is die aantyging wat van die anderkant kom. My agb. vriend, die Minister van Vervoer, moet liewer nie hierdie dinge opper nie.

DIE MINISTER VAN VERVOER: Ek sal die saak opper; u moet gaan sit.

MNR. RUSSELL: Op 'n punt van orde . . .

DIE MINISTER VAN VERVOER: Mag ek sê dat waar die woord „vaaljapie" aan hierdie kant van die Raad gebruik was, dit verwys het na iets wat die agb. lid in 'n vroeëre toespraak gesê het toe hy verwys het na alkoholisme . . .

MNR. LAWRENCE: Volgens bewering gesê het.

DIE MINISTER VAN VERVOER: Goed, dit word beweer dat hy dit gesê het. Dit is geen refleksie op sy persoon nie, maar waar hy sê dat daar 'n alkoholiese atmosfeer in 'n sekere deel van die Raad is . . .

MNR. LAWRENCE: Wel, daar mag wees.

DIE MINISTER VAN VERVOER: . . . Is dit 'n onwelvoeglike refleksie op sekere lede van hierdie Raad . . .

'N AGB. LID: Hy kon tog net namens sy eie kant van die Raad praat.

DIE MINISTER VAN VERVOER . . . en ek dring daarop aan dat die agb. lid gevra moet word om dit terug te trek . . .

MNR. LAWRENCE: Daaropop aandring? Wie is u om daarop aan te dring?

MNR. RUSSELL: Mag ek die Raad op dieselfde punt van orde toespreek. Mag ek vra of dit buite orde sal wees om te sê dat die huidige Regering magsdronk is?

DIE MINISTER VAN LANDE: Wat 'n grap!

DIE VOORSITTER: Orde! Ek wil daarop wys dat lede heeltemal te geneig is om enige lelike tussenwerpsel te maak terwyl ander lede praat en dat hulle daardeur ander lede uitlok om teentussenwerpsels te maak. Wat die woorde van die agb. lid wat nou die Raad toespreek, betref, moet ek hom vra om daardie woorde terug te trek, want hulle is nie Parlementêr nie.

SIR DE VILLIERS GRAAFF: Mnr. die Voorsitter, ek buig onder u reëling.

AGB. LEDE: Trek terug.

DIE VOORSITTER: Orde, het die agb. lid daardie woorde teruggetrek?

SIR DE VILLIERS GRAAFF: Ek trek terug. Ek wil tog byvoeg dat daar wel tussenwerpsels vanaand aan die anderkant gemaak is wat miskien hulle oorsprong het in 'n verslag in 'n sekere koerant wat net so onjuis is . . .

DIE VOORSITTER: Orde! Die agb. lid moet oor die klousule praat.

MNR. LAWRENCE: Nee, nee.

DIE VOORSITTER: Orde! Daardie uitdrukking hoef nie uitgelê te word nie, dit is reeds teruggetrek. Die agb. lid moet nou oor die klousule praat.

MNR. LAWRENCE: Op 'n punt van orde . . .

DIE VOORSITTER: Orde! Ek sê die agb. lid moet hom bepaal by die klousule.

MNR. LAWRENCE: Ek staan op om 'n punt van orde aan u te stel.

DIE VOORSITTER. Orde. Sit.

MNR. LAWRENCE: Ek gaan nie op daardie manier deur u beveel word nie, meneer. Ek is nie bereid om dit van u te verdra nie.

DIE VOORSIITER: Orde.

DIE MINISTER VAN VERVOER: Dit is 'n refleksie op die Stoel.

MNR. LAWRENCE: Ek staan op op 'n punt van orde.

DIE VOORSITTER: Orde. Die agb. lid moet gaan sit.

MNR. LAWRENCE: Ek sal dit terugtrek. Ek is jammer as ek my besorgdheid oor wat gebeur het toegelaat het om my ywer vir die goeie gedrag van hierdie Raad te oortref. Ek vra u om verskoning as ek aan u iets gesê het wat ek nie moes gesê het nie. Ek vra u om verskoning as ek in die opwinding van die oomblik iets gesê het wat 'n refleksie op u is. Maar nou dat ek u om verskoning gevra het, wil ek u vra om my toe te laat om my reg te beoefen om te staan en 'n punt van orde aan u te stel in verband met wat met die agb. lid vir Hottentots-Holland gebeur het.

Die VOORSITTER: Orde! Ek het alreeds my reëling oor daardie punt gegee. Die agb. lid het sekere woorde gebruik wat hy nie geregtig was om te gebruik nie. Ek het hom gevra om daardie woorde terug te trek en hy het hulle teruggetrek, en hy moet nou die Komitee toespreek oor die artikel onder bespreking.

MNR. LAWRENCE: Mnr. die Voorsitter, mag ek dit vra . . .

AGB. LEDE: Gaan sit!

MNR. LAWRENCE: Ek is toegelaat om dit aan die voorsitter te stel. U kan my buite orde reël, meneer, as u dink ek is buite orde. Ek het verstaan dat die agb. lid sekere tussenwerpsels wat gemaak was behandel, hy het die opmerkings wat hy gemaak het onvoorwaardelik teruggetrek. Nou wil hy sekere tussenwerpsels behandel . . .

DIE VOORSITTER: Orde! Die punt in verband met tussenwerpsels was deur my geopper en nie deur die agb. lid nie. Die opmerkings wat hy gemaak het, was teruggetrek en ek wil niks verder daarvan hoor nie.

MNR. LAWRENCE: Ek het die punt van die tussenwerpsel geopper . . .

DIE VOORSITTER: Orde, orde! Die agb. lid kan voortgaan.

MNR. RUSSELL: Die Swepe sê nou aan die Voorsitter wat om te doen.

SIR DE VILLIERS GRAAFF: Ek wil graag van u weet mnr. die Voorsitter, of ek toegelaat sal word om 'n persoonlike verduideliking te maak met betrekking tot sekere tussenwerpsels wat gemaak is deur agb. lede aan die oorkant.

DIE VOORSITTER: Orde! Die agb. lid kan dit doen mits die toepaslik is op hierdie onderwerp wat ons bespreek.

SIR DE VILLIERS GRAAFF: Dit is vir my uiters moeilik aangesien die tussenwerpsels niks met hierdie onderwerp te doen gehad het nie.

DIE VOORSITTER: Dan moet die agb. lid terugkom tot klousule 2 van die wetsontwerp.

SIR DE VILLIERS GRAAFF: Dit is vir my 'n genoeë om die agb. Minister van Binnelandse Sake vanaand geluk te wens met die uitstekende uiteensetting gan sy toespraak, waarvoor ons dank verskuldig is aan die agb. lid vir Kuruman (mnr. Olivier). Die agb. Minister se toespraak was ongetwyfeld nie een van die beste wat hy in hierdie Raad gelewer het nie. Hy sal my verskoon as oudkollega as ek die stout handskoene aantrek en 'n bietjie beswaar maak teen die Afrikaans wat hy gebruik het. Ek verwag nie van my agb. en ouer broer aan die Balie dat hy woorde soos „konflik," „frustreer" en „ekstreme" sal ge-

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

bruik wanneer hy Afrikaans praat nie.

'N AGB. LID: Word jy nou onderwyser?

SIR DE VILLIERS GRAAFF: Die agb. lid van Kuruman . . .

DIE MINISTER VAN VERVOER: „Vir" Kuruman!

SIR DE VILLIERS GRAAFF: Die agb. lid vir Kuruman het die agb. Minister se toespraak verduidelik maar toe hy klaar is was daar geen twyfel wat die Raad betref nie, dat die agb. Minister van mening was dat as enige verteenwoordiger van kleurlingkiesers op een of ander manier hom gedra wat deur die agb. Minister afgekeur word, dan sal hy moet trap.

MNR. OLIVIER: Dit is 'n pop wat jy opsit.

'N AGB. LID: Dit is wat hy gesê het.

SIR DE VILLIERS GRAAFF: Ek wil graag baie billik wees teenoor die agb. lid vir Kuruman. As hy enige persoonlike verduideliking wil maak, sal ek gaan sit sodat hy dit kan maak.

MNR. OLIVIER: Ek neem hierdie geleentheid te baat omdat ek nie gesê het wat die agb. lid vir Hottentots-Holland aan my toedig nie.

SIR DE VILLIERS GRAAFF: Die agb. lid volgens die notule wat ek hier neergeskryf het . .

DIE MINISTER VAN VERVOER: Dit is nie notule daardie nie; dit is aantekenings.

SIR DE VILLIERS GRAAFF: Ek sal die agb. Minister van Vervoer ook reghelp in sy Afrikaans as dit nodig is.

DIE MINISTER VAN VERVOER: Maar ek spog nie daarmee nie.

SIR DE VILLIERS GRAAFF: Die agb. lid vir Kuruman het gesê . . .

MNR. LAWRENCE: Die Minister van Vervoer is dronk van sy eie spraaksaamheid.

# Saar-Geskil Kan Europese Eenheid Verongeluk

**Die jongste gebeure in die Saargebied — die gewelddmaatreëls deur die Hoffmann-regering teen pro-Duitse bewegings en 'n brief van die Franse minister van buitelandse sake, Schuman, aan die ministerpresident Hoffmann en die verbod op die Demokratiese Party met die voorwendsel dat dit in verband staan met die neo-fascistiese Reichsparty, dreig om die beweging na 'n verenigde Europa, waarvan die Schuman-plan die eerste stap is, in die wiele te ry, berig ons Duitse korrespondent. Die bogenoemde gebeurtenisse het die indruk by die Duitse volk geskep dat die Franse regering die anti-Duitse propaganda en onderdrukkingsmaatreëls in die Saargebied ondersteun of ten minste regverdig.**

In 'n bespreking van die vraagstuk deur die Bonn-parlement het die Wes-Duitse kanselier, dr. Adenauer, verklaar dat op die Moskou-konferensie van 1947 geen ooreenkoms bereik kon word betreffende die Franse eis om inlywing van die Saargebied nie. Daar is wel besluit dat die Saar moet aansluit by die Frans tol- en valuta-gebied, wat geensins beteken dat dit ook politieke afskeiding van Duitsland beteken nie. Die Geallieerdes het die Bonn-regering verseker dat die lot van die Saar alleen deur 'n vredesverdrag beslis kan word. Ook die Franse regering het in briefwisseling te kenne gegee dat hy sy idee van anneksasie soos in 1918 en 1945 laat vaar het. Nietemin skyn dit op die oomblik of die Franse die oplossing sien in die daarstelling van 'n van Duitsland afgeskeide sowereine Saar-staat, 'n tweede Luxemburg. **Hierdie skepping van dwergstate bots met die ideaal van 'n verenigde Europa, en elke poging om die Saarland as 'n sewende staat by te bring in die Schuman-plan, sal net die hele plan laat misluk.** Frankryk het ekonomiese belang in die Saar-gebied, maar Duitsland het ekonomiese sowel as nasionale belang daarby. Die brief van die Franse minister Schuman aan Hoffmann, waardeur hy hom vereenselwig het met die beskuldiging dat die Demokratiese Party nazisties is, en die ekonomiese aansluiting van die Saar by Frankryk bedreig, is deur Adenauer betreur. Solank die status van die Saar nie deur 'n verdesverdrag gereël word nie, bly die Saar-inwoners Duitse staatsburgers. Waar Duitsland nog die ideaal van 'n verenigde Europa nastrewe, hoop hy dat dieselfde begrip en eerbiediging van die eise van die tyd in Parys gevind sal word.

## SOOS RUSLAND

**Van opposisiekant het dr. Carlo Schmid beklemtoon dat elke stap deur Frankryk om 'n voldonge feit ten opsigte van die aanhegting van die Saar te bewerkstellig, 'n regverdiging sal wees van die Russies-Poolse anneksasie van die oostelike gebiede van Duitsland.** Hy het verwys na die Saar-konvensie waarvolgens Frankryk 'n onbeheerbare reg tot uitbuiting van die Saar-myne vir vyftig jaar verkry en waar die banke en versekerings in Franse hande gestel is sodat die spaargeld van die Saarlanders tot die Franse kapitaal gevoeg word.

Daar is aanduidings, ook uit bostaande toesprake, dat die teenstanders van die Schumanplan versterk is deur die jongste gebeurtenisse in die Saar-gebied en hulle mag as gevolg hiervan 'n gevaarlike woordjie saampraat wanneer die bekragtiging van die plan behandel word in die Bonn-parlement.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

### Oudstryder Se Oproep

**Mnr. Jurgens Schoeman, Ohrigstad, skryf:**

As 75-jarige oud-stryder wat tot aan die bittere einde van 31 Mei 1902 geveg het vir 'n republiek in die gees van 'n Paul Kruger, pres. Steyn en genl. Hertzog, wil ek u blad Gods rykste seën toewens. Die Afrikanervolk vra vandag net 'n kans en hy sal wys dat hy kan antwoord op die roepstem. Ek doen 'n beroep op die Brandwagte: staan trou op u pos!

Kyk hoeveel bloed het alreeds weer in Korea geloop, ook van ons eie Suid-Afrikaanse seuns, en hoeveel miljoene ponde kos dit nie ons land nie.

Laat ons leiers en ons volk maar Genesis 14 en 15 lees en die voorbeeld van die ou vader Abraham volg. Ook vir ons volk het die Here tot hiertoe gehelp. Laat ons weer vir Hom 'n altaar bou, waarop ons jongelinge en jonge dogters kan voortbou.

O.B. JAARGANGE
JAARGANG 1949—1950
Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.
PRAGTIG INGEBIND
*VOORRAAD BAIE BEPERK*
BESTEL DUS DADELIK BY:
VOORSLAG (EDMS.) BPK.
Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

# OSSEWABRANDWAG IS NOU VRYGESPREEK

**„Uit 'n baie onverwagte oord is die Ossewabrandwag in die jongste tye vrygespreek van al die beskuldigings wat jarelank deur mede-Afrikaners teen hom geslinger was. Toe die leier van die Herenigde Nasionale Party in 1941 sy berugte ultimatums aan die O.B. gerig het, het die voormanne van daardie party die toenmalige lede van die O.B. aangehits om uit die beweging te bedank en hom te beveg op grond van sekere stories wat wyd en syd versprei is. Ek herinner aan die skakel-met-Smuts-storie, die pensioenstorie, die rampokker-storie, die vreemde-ideologie-storie en die diktatuur-storie. Nou het Die Burger, na aanleiding van sy aanhitsing van die Verenigde Party om met die ‚War Veterans' te baklei, op onregstreekse wyse erken dat al hierdie stories sommer bogpraatjies was en dat die H.N.P. destyds die stryd teen die O.B. aangeknoop het om heeltemal ander redes,” het mnr. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van die O.B. eergisteraand op Bellville gesê.**

Die vernaamste rede waarom die H.N.P. destyds pogings aangewend het om die O.B. dood te baklei was omdat die politici nie die bestaan van 'n ander organisasie, naas die politieke party, wou duld nie. Vernaamlik nie as daardie ander organisasie sy fenominale groei te danke het aan die volk se frustrasie met „die politieke party en sy politici se rekord van mislukkings nie.”

Maar dit is juis vanweë die politieke party se rekord van mislukkings dat die stigting van die ander organisasie — in die Afrikanervolk se geval die Ossewabrandwag — nodig geword het en waarom die politici ook nooit die O.B. sal doodkry nie. **Want die volk het behoefte aan 'n daad-organisasie wat ideale wil verwesenlik. Hy staan lankal sinies teenoor politieke partye omdat hulle reeds telkemale sy ideale verkwansel het vir partygewin.**

## NUWE LIG

**„Ek is oortuig daarvan dat Die Burger se uiteensetting van die redes waarom 'n politieke party nie die bestaan van 'n nie-politieke aksie-beweging naas hom mag duld nie, vir talle Afrikaners nuwe lig gewerp het op die broederstryd wat die H.N.P. vir jare al teen die O.B. voer. En ek wil vanaand aan daardie Afrikaners sê dat die tyd ongetwyfeld aangebreek het om hul standpunt teenoor die O.B. in heroorweging te neem.**

„In hierdie verband wil ek boonop die aandag bepaal by 'n diens wat die O.B. besig is om aan die Afrikanervolk te lewer — 'n diens waarvoor hy ongetwyfeld die dank van die hele volk verdien,” het spr. gesê.

In die dae toe die huidige regeringsparty nog die opposisieparty was, het die voormanne van die party, buite die parlement sowel as in die parlement, onomwonde verklaar dat hul beleid is om Suid-Afrika om te skep in 'n republiek, want die belange van die Afrikanervolk eis dat die Britse konneksie geknip moet word. **Ek glo dat geen nasionalis in daardie dae sou geglo het dat as sy party eendag aan bewind kom hy 'n beleid sal neerlê (en dit nogal in Londen) dat Suid-Afrika „onder enige omstandigheid” in die Britse Statebond moet bly nie maar altyd die Britse konneksie moet behou nie.** En ek is daarvan oortuig dat as iemand vóór die verkiesing 'n „Engelse” republiek of 'n republiek binnekant die Britse Statebond te gaan bepleit, dan sou daardie nasionalis baie kwaad geword het en heftig ontken het dat sy partyleiers ooit „volksverraaiers” sal word.

## PLEITBESORGER

**En tog is dit waar dat die grootste nasionale party in ons land vandag die vernaamste pleitbesorger is van lidmaatskap van die Britse Statebond en van behoud van die Britse konneksie.**

Sy Majesteit se opposisie van weleer het so lojaal geword sedert nasionaliste hom bevorder het tot Sy Majesteit se Suid-Afrikaanse regering dat minister S. P. le Roux hom gehaas het om die wanindruk te verwyder wat 'n onjuiste berig geskep het as sou hy in Australië verklaar het dat die regering vasberade is om S.A. uit die Britse Statebond te lei en om 'n heeltemal onafhanklike republiek te stig.

Daar is net een rede waarom hierdie proses van versapping by die regeringspartye aan die gang is. Hulle probeer Engelse stemme vang met hul kleurbeleid: daarom gooi hulle hul eertydse republikeinse beleid oorboord. En die woord om te swyg oor die republikeinse ideaal van die Afrikanervolk het uitgegaan van die hoogste kringe van die party juis omdat republikeinse propaganda die uitwerking het om die gunstige gevolge van die party se kleurpropaganda onder Engelssprekendes te belemmer.

## GEVARE

Die O.B. is bitter verontwaardig dat die Afrikanervolk se republikeinse ideaal misbruik word vir doeleindes van partypolitieke uitoorlêery.

Daar is ernstige gevare hieraan verbonde.

In S.A. sowel as in die buiteland word die verhewendheid van die republikeinse ideaal deur sodanige optrede geskend.

**Spr. wil ernstig waarsku dat die Britse kleurpolitiek, wat gevaarlik naby aan 'n gelykstellingsbeleid kom, die grootste bedreiging in Afrika is vir die verwesenliking van die Afrikaner se tradisionele kleuropvattings.**

Brittanje kleef nog steeds vas aan die sogenaamde Britse protektorate in Suid-Afrika — nes asof die naturelle „protect” of beskerm moet word teen die Afrikaner se kleurbeleid.

Aan die Weskus het Brittanje die naturelle selfregering gegee as 'n eerste stap in hul konstitusionele opmars na lidmaatskap van die Britse Statebond — 'n swart suster-koninkryk in wording.

## BRITSE FEDERASIE

En nou is daar weer die plan om Suid- en Noord-Rhodesië en Niassaland in 'n Britse federasie om te skep, **waarvan Brittanje die kleurbeleid sal bepaal — 'n sogenaamde verligte kleurbeleid wat as die aanklaer sal moet dien van Suid-Afrika se apartheidsbeleid.**

Nou vra spr.: **wat help dit om Engelse stemme vir apartheid te wen as die republikeinse vryheidsideaal as prys daarvoor verruil word vir lojale lidmaatskap aan die Britse Statebond wat die gevaarlikste teenstander van Suid-Afrika se apartheidsbeleid is?**

**Ons moet versigtig wees. Anders sit ons naderhand sonder die republiek en sonder apartheid.** Die regering het reeds sy apartheidsbeleid afgewater, deur algehele apartheid te verwerp, sodat 'n beleid van ekonomiese integrasie toegepas kan word. Dit is die dun end van die wig. Ekonomiese integrasie is die voorloper van politieke en maatskaplike integrasie.

## GAAN SAAM

**Die Britse konneksie en apartheid gaan nie saam nie. Die republiek en apartheid gaan saam.**

Dit is daarom dat die O.B. voortdurend pleit vir die republiek.

En dit is ironies dat dit weer die eise van die partypolitiek is wat krag verleen het aan die O.B. se republikeinse propaganda. **Die regeringsparty durf nie swyg oor die republiek as die O.B. voordurend daarvoor pleit nie.** Want dan loop die party gevaar om republikeinse stemme te verloor. En dit mag nie gebeur nie. Daarom was die eerste minister verplig om onlangs weer oor die republiek te praat — en hy het sy woorde oulik gekies. Hy het nie gesê dat sy regering 'n republiek in Suid-Afrika gaan uitroep nie. Inteendeel. Hy het die Engelse in Engeland verwyt dat hulle op 'n manier optree wat republikanisme in S.A. bevorder; **Nou kan die Engelse in Suid-Afrika tog nie vir hom kwaad wees nie en sy Afrikanervolgelinge kan sê dat die eerste minister tog nog republikeins is want hy het weer 'n keer die woord republiek in sy mond geneem.**

## DIENS BEWYS

Hoewel die eerste minister se verklaring nie heeltemal bevredigend is nie, is dit tog 'n oorwinning dat hy oor die republiek moes praat nadat die partykoukus swygsaamheid aanbeveel het. **Die O.B. is dankbaar dat hy daarin geslaag het om die koukus-dissipline van buite af te breek waardeur hy ook 'n diens aan die republikeine in die party bewys het.** Hierdie

(Vervolg in volg. kolom)

Vervolg van vorige kol.)

eerste oorwinning moedig die O.B. aan om te glo dat hy daarin kan slaag om die party geheel en al terug te dwing op die republikeinse pad. Daarom sal die O.B. voortgaan om te pleit vir die republiek en om, na die beste van sy vermoë, die nadelige implikasies van lidmaatskap van die Britse Statebond voortdurend bekend te stel.

En ek glo dat die O.B. by die vervulling van hierdie taak die ondersteuning en die dank van elke Afrikaner verdien.

## GELEENTHEID

Ek wil nou daarop wys dat die geleentheid om erkentlik te wees teenoor die O.B. in die nabye toekoms gaan ontstaan. Daar gaan na alle verwagting binnekort 'n samesmelting van nasionale politieke partye plaasvind. **Ek wil by herhaling daarvoor pleit dat met samesmelting ook die groot vrede in Afrikanergeledere bewerkstellig moet word. Laat die nuwe politieke party wat gaan ontstaan vriendskaplike betrekkinge met die volksbeweging handhaaf. En laat die nuwe politieke party boweal die ou beproefde koers van die Afrikanervolk inslaan.**

Dan sal die O.B. weer sy aanvanklike rol kan speel om 'n aanvullende krag te wees by die party in die Afrikaner se politieke stryd.

Wanneer die politieke party egter gaan volhard in sy vyandskap teen die O.B. en as hy gaan voortwandel op die ingeslane dwaalpad dan sal die O.B. verplig wees om as 'n selfstandige krag die Afrikanervolk se stryd te voer, het mnr. Laubscher besluit.

# Getroudes Leef Langer

Die huwelik het 'n langer lewe tot gevolg, blykens statistiek wat in Londen gepubliseer is. Die sterftesyfer van vrygeselle en oujongnooiens is veel hoër as dié van getroudes.

In die jaar 1946-47, die jongste beskikbare syfers, was die sterftesyfer van vrygeselle tussen 45 en 49 jaar ongeveer tagtig persent hoër as die van getroude mans in dieselfde ouderdomsgroep, naamlik 11.9 per duisend in vergelyking met 6.4 per duisend.

Die sterftesyfer van oujongnooiens is baie hoër as dié van getroude vroue tussen 20 en 45 jaar. In die groep 30 tot 34 jaar is die verskil 66 persent en in die groepe 25 tot 29 en 35 tot 39 jaar ruim 47 persent hoër.

Veel minder getroude vroue sterf deesdae in die kraambed.

# Britse Sentiment Bepaal Ons Beleid

(Vervolg van bls. 1 kol. 5)

**regering is nie. Hy het gesê dat daar geen verandering van beleid ten opsigte van die republiek plaasgevind het nie en dat sy standpunt bekend is.**

## STANDPUNT

Sy bekende standpunt oor die republiek het dr. Malan in 'n belangrike toespraak in die volksraad uiteengesit. Ten opsigte van die verbreking van die Britse konneksie, het hy gesê:

„Daar is sommige wat republikeine is, daar is sommige ander wat in die behoud van die bande van die kroon glo, maar ek het die vrymoedigheid om te sê dat daardie kant van die Raad en hierdie kant van die Raad, dat alle seksies hier in Suid-Afrika, kom met betrekking tot een saak met mekaar ooreen, **en dit is dat as dit vir ons moontlik gemaak word dat daar geen beperkings gelê word op ons vryheid nie, as ons selfbeskikkingsreg nie aangetas word nie, ons dan in die Statebond wil bly.”**

En verder: **„Op een punt voel ons nou eens en staan ons bymekaar en dit is dat ons graag by die statebond onder enige omstandighede wil bly.”**

## GROOT VERSKIL

**Daar is ongetwyfeld 'n groot verskil tussen min. Le Roux se Australiese verklaring „dat die regering vasberade is om Suid-Afrika uit die Britse statebond te lei” en dr. Malan se neergelegde beleid om „graag by die statebond, onder enige omstandighede te bly.”**

Ten opsigte van die republiek het dr. Malan verklaar: **„Ons het vandag te doen met 'n ander statebond as wat dit tevore gewees het . . . en ek (het) geen beswaar om te sê dat ook as ons 'n republiek is, ons lid van daardie statebond sal bly.”**

Tussen dr. Malan se republiek binnekant die Britse statebond en mnr. Le Roux se „heeltemal onafhanklike republiek” daarbuite is darem 'n hemelsbreë verskil.

**Gewone nasionaliste in Suid-Afrika sal egter die Australiese verklaring van mnr. Le Roux van ganser harte toejuig. Maar mnr. Le Roux het ongelukkig nie die beleid van die regering waarvan hy 'n lid is verkondig nie.**

## NOG 'N ONTKENNING

Derhalwe het mnr. Le Roux, vier dae nadat sy verklaring wêreldkundig gemaak is, uit Melbourne ontken dat hy ooit die gewraakte verklaring gedoen het. Verlede Vrydag het die koerante berig: „Die minister van landbou, mnr. S. P. le Roux, het gister ontken dat hy sou gesê het dat dr. Malan se regering vasberade is om Suid-Afrika uit die Britse Statebond te lei en om 'n heeltemal onafhanklike republiek te stig.” Mnr. Le Roux was baie versigtig oor die kwessie van lidmaatskap van die Britse statebond. Hy het slegs gesê: „Die vraag of die republiek binne of buite die statebond moet wees, sal natuurlik beslis word volgens wat in die beste belang van Suid-Afrika is.”

**Hierdie Australiese petalje van mnr. Le Roux het weereens op ondubbelsinnige wyse die sogenaamde „republikeinse” beleid van die Malan-regering aan die kaak gestel. Daar die beleid is dat Suid-Afrika „onder enige omstandighede” in die Britse statebond sal bly, selfs as hy eendag 'n „republiek” word.**

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD